## 21 Oktober - SOUT

**Skrifgedeelte: Markus 9:38-50**
**Fokusgedeelte: Markus 9:50**

Jesus Christus is besig om sy dissipels te leer dat Hyself, die Seun van die mens, aan die kruis sal moet sterwe. Die dissipels het Hom nie verstaan nie, maar het nie gewaag om Hom verder daaroor uit te vra nie. Hulle het eerder gestry oor wie van hulle die belangrikste was.

In Kapernaum het Jesus Christus 'n kindjie geneem en tussen hulle laat staan. Hy leer aan hulle dat as hulle iemand soos hierdie kindjie, sonder enige aansien, in hulle midde verwelkom, Hyself ook daar welkom is. Dan leer Hy aan hulle dat verwaarlosing somtyds die grootste skade is wat aan 'n kind gedoen kan word. Daarna sê Jesus Christus aan die dissipels dat die een vir wie kindertjies belangrik is, eers na sy eie lewe en optrede moet gaan kyk.

Na aanleiding van die hele argument oor belangrikheid neem Jesus Christus die werking van sout as 'n voorbeeld. In die antieke wêreld was sout 'n simbool van voortduring en waarde gewees. Die dissipels moet met sout gekruie word soos wat vleis met sout voorberei word. Die sout is simbolies van die beproewing wat hulle sal moet deurgaan, en hulle sal van al die verkeerde dinge gesuiwer moet word.

Die sout is ook 'n teken van godsdienstige en morele kwaliteit wat deel moet wees van die gesprekke van die gelowiges (vgl. Kol 4:6). As dit nie teenwoordig is nie, sal hulle self nie veel beteken nie. Wat nog te sê van die belangrikste te wees!

Dink oor jou eie lewe, kyk na jouself, evalueer dit wat jy doen en leer om jouself te beheer. Onthou, hierdie selfondersoek moet opreg wees, jy kan nie net voorgee asof jy dit doen nie! Sout wat gemeng word met ander chemikalieë verloor sy krag, en is niks meer werd nie. Dit moet suiwer sout bly.

Wees daarom jou sout werd, en lewe in vrede met ander mense saam.

*Sing: Psalm 139:1, 12 (1936-beryming)* *Dr J Lion-Cachet (Klerksdorp)*